



# Week 10

# VLOA-Opsomming

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer dat dit aanvaarbaar is om soms bang te wees.  Selfs Jesus was bang.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, verf, knip en vashou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer dat ons nie vir mense wat ons liefhet mag jok nie.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters “lees” saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema.  Tydens hierdie “leeservaring” word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• ’n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en “skryf” hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer “vyf” word vir die week behandel.  Maats moet tot by vyf tel.<br>• Maats leer van die diamant (die vorm hierdie week).<br>• Maats leer van die lewensiklus (wat gebeur met dooi blare en die wurms wat dit eet.<br>• Maats leer van die biologiese struktuur van ’n eier. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om ’n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Aandag word aan die Paasverhaal geskenk.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take soos om kruise te maak en te versier. |

# SIRKELSESSIE
*Van die week*

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Vyf (5)***
- Vorm van die week: ***Diamant***
- Kleur van die week: ***Oranje***

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 5 tel terwyl hulle ritmies hande klap.***

## Sirkelbespreking van die week



# Ontmoet vir:



# Oompie-Oranje

# OOMPIE-ORANJE *(Die storie)*

Oompie-Oranje is 'n snaakse ronde oompie wat in Oranjeville woon. Almal op die dorpie ken vir Oompie-Oranje, want hy woon al jare daar. Oompie-Oranje se lyfie is net so oranje soos Oros!!! Dit lyk omtrent altyd asof hy te lank in die son was.

Oompie Oranje het so 'n snaakse van wat die mense van Oranjeville nie kan uitspreek nie. Hy sê dit is 'n baie spesiale van en dat dit eintlik 'n Franse van is. Omdat die mense van Oranjeville teveel gesukkel het om dit uit te spreek en dit vir hulle geklink soos oranje, het almal hom sommer net Oompie-Oranje begin noem. Hulle het dit met soveel liefde gesê dat Oompie- Oranje glad nie omgegee het nie.

Oompie-Oranje bly te lekker op Oranjeville waar almal op die klein Vrystaatse dorpie nie 'n kans laat verbygaan om met die oompie te gesels en vir sy snaakse grappies te lag nie. Soms kom kuier een van die dorpskinders by die oom en dan sit hulle op Oompie-Oranje se groot stoep. Oompie-Oranje skil dan vir hulle 'n heerlike oranje lemoen en dan eet hulle so deur die lag en gesels deur. Wanneer hulle dors word gooi Oompie vir hulle heerlike oranje Oros in.

In die aand klim Oompie-Oranje is sy oranje bedjie en dan snork hy so hard dat al die oranje naartjies agter in sy erf van die bome af val!

**Vertoon hierdie week vir Oompie-Oranje in die klas**

Maats kan die ganse week vir Giggeltjie-Geel kossies gee om te "eet". Hulle kan groen speelgoed bring waarmee sy kan "speel". Hy kan 'n lemoene of Oros kry. Moedig maats aan om gepaste groen items vanuit die klas of van die huis af vir Giggeltjie te bring.

**Probeer hierdie week om ORANJE verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




Mollie


Dina Diamantjie
Hoeveel diamante sien julle?


5
Mollie

# TEMA

*(Gedig, lied en storie)*

Die paashaas hop en hop en hop,

vinnig af en vinnig op.

Met sy mandjie swaar gelaai,

maak hy 'n sjokolade-draai.

Hy steek paaseiers gou-gou weg,

en hop dan weer so stil-stil weg.



## GEDIGGIE VAN DIE WEEK

*Die paashaas (CD)*

***Die gedig leer vir maats wie die paashasie is.***

***Laat maats die gedig dramatiseer.***

***Bespreek deurgaans die klanke wat maats in die gedig hoor.***

## LIEDJIE VAN DIE WEEK *Bons vir Jesus (CD)*

**Die lied leer vir maats dat Jesus vir ons lief is en dat Hy vir ons aan die kruis gesterf het. Daarom bons ons prysend en opgewonde vir Hom op en af!**

**Maats kan die instruksies in die liedjie volg.**

## STORIE VAN DIE WEEK

*Die paashaas se probleem (CD)*

***Hierdie week is die tema die kruisiging van Jesus. Die paasverhaal word in diepte behandel. Vervolgens is die storie van die week bloot 'n genotvolle storie oor die paashasie.***

***Luister elke dag 'n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week pak ons 'n mandjie uit.*
*Gebruik die handpop en pak die mandjie stuk-stuk saam met maatjies uit!)*

**Pak items wat met Paasfees verband hou op die tafel uit.**
**Omdat skole hierdie tema uiteenlopend benader, kan juffrou besluit of die tematafel op Jesus se kruisiging of op Paasfees as (meer kommersiële) fees geplaas moet word.**

Mollie is baie opgewonde! Dit is Paasfees! Mamma sê dit is die tyd wat Jesus vir ons aan die kruis gesterf het. Om dit te vier gaan die muisgesin vandag saam met die kerk se mense piekniek hou! By die piekniekplek deel dominee Danie Donkie vir elke maat **roomysstokkies** uit *(deel vir maats elk twee stokkies uit).* Vandag gaan ons kruise maak om ons aan Jesus se kruisiging te herinner! Dominee Danie Donkie se vir die maats dat hulle hul kruise met **knope** kan versier *(laat maats hul kruise self aanmekaar sit en en met klein knope beplak en versier).*

Nadat Mollie sy kruisie gemaak het, is hy skoon honger! Mamma gee vir hom en Mia elkeen 'n gekookte eier. Mollie kyk die eiers so en kry toe sommer 'n blink plan. Hy grou in sy rugsakkie en haal twee kassies en 'n bakkie vol verf uit sy sak uit. Hy gaan sit op sy boudjies en begin sy **gekookte eier** verf sodat dit soos 'n mooi paaseier lyk. *(Haal vir maats elkeen 'n gekookte eier en* ***verf*** *uit die mandjie uit. Laat hul hul eiers nou met hul vingers/kwasse verf).*

Toe Mollie klaar sy mooi eiertjie geverf het, gaan lê hy moeg op mamma se skoot. Sy vryf sy hare en vertel vir hom dat Jesus na sy kruising na die hemel opgevaar het. Weet julle wat beteken dit maats? Wil julle sien? *(Laat maats jou na buite volg. Los as klas saam enkele* ***heliumballonne*** *in die lug in en wys vir maats hoe die ballonne opvaar in die lug in todat mens dit nie meer kan sien nie. Dit is wat Jesus vir ons gedoen het!)*





Tematafels moet **ERVAAR** word...



# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 1 en 2






Jesus en die dissipels het saam in Jerusalem nagmaal gehou voordat Hy gekruisig is.
Jesus het geweet dat Judas (die mannetjie heel links met die hartseer gesiggie) Hom sou verraai.
Jesus het toe in Getsemané gaan bid dat God hom die kruisiging moes spaar.





Jesus het vir sy dissipels gevra hulle moet saam met Hom bid in Getsemané, maar hulle het aan die slaap geraak.
Die Romeinse soldate het toe vir Jesus kom vang.
Jesus is na Pilatus geneem.

## Dag 3 en 4







Pilatus het vir die mense gesê hulle moet tussen Jesus en Barrabas kies.
Die mense het gesê hulle wil vir Jesus kruisig
Jesus is toe op Golgota tussen twee misdadigers gekruisig.

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

Dag 5



Jesus het na drie dae na die hemele opgevaar!



**Jesus leef en sit aan die regterhand van sy Vader!**

# TEMA-LES

## *Jesus in Jerusalem*

# DAG 1-2

In die Bybel se tyd het die mense elke jaar Paasfees gehou om vir God dankie te sê. Eendag het Jesus en sy dissipels na die stad van Jerusalem gegaan om ook Paasfees te vier en vir God dankie te sê. Hier het hulle saam aan tafel gesit en saaam geëet (nagmaal gehou).

Terwyl Jesus en sy dissipels so om die tafel gesit het, het Hy vir hulle gesê dat een van hulle baie lelik met Hom sou wees. Een van sy dissipels sou Hom aan die wrede Romeinse soldate oorgee. Die dissipels het geskrik want hulle kan nie dink dat enigeen van hulle so 'n lelike ding sou doen nie. Maar Judas, een van Jesus se dissipels, het geweet dat hy die Romeinse soldate sou help om vir Jesus te vang.

Nadat Jesus en sy dissipels saam geëet en nagmaal gehou het, het Jesus vir van Sy dissipels gevra om saam met Hom in die tuin van Getsemané te gaan bid. Jesus het geweet dat Judas hom sou verraai en Hy gekruisig sou word. Hy het vir God gevra om Hom asseblief van dit te spaar want Hy was bang. Terwyl Jesus egter hard vir God gebid het, het sy dissipels nie saam gebid soos wat Hy hulle gevra het nie. Hulle het gelê en slaap. Jesus het hulle wakker gemaak.

Kort daarna het die Romeinse soldate vir Jesus in die tuin kom vang.

### Kritiese denke

- Was jy al ooit bang vir iets gewees?
- Is ons almal bang vir dieselfde goed?

Gee vir maats kans om hul vrese te deel en laat hulle verstaan dat vrees normaal is. Grootmense en selfs Jesus was al bang vir dinge gewees!

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | |
|---|---|---|
| Paasfees | Judas | Kruisig |
| Nagmaal | Getsemané | Kruis |
| Jesus | Romeinse soldate | Golgota |

## *Jesus word gekruisig*

# DAG 3-4

Die mense het vir arme Jesus na Pilatus toe gevat. Pilatus, die goewerneur van Jerusalem, het geweet dat Jesus nie 'n slegte mens was nie. Hy sê toe vir die mense dat hulle kon kies om Jesus se lewe te red. Hy sou dan vir hulle 'n baie slegte man met die naam Barrabas gee om eerder te kruisig. Maar die mense wou vir Jesus kruisig.

Hulle het toe baie lelik met Jesus gemaak; hulle het hom op Golgota, tussen twee rowers aan 'n kruis vasgespyker. Dit het toe skielik donker word. Op daardie oomblik toe Jesus sterf, het een van die soldate geweet dat Hy regtig die Seun van God was.

### Kritiese denke

- Dink julle wat die mense gedoen het was reg?
- Hoekom nie?

# TEMA-LES

*Jesus staan op!*

# DAG 5

Twee dae later, het 'n vriendin van Jesus, Maria Magdalena, na die graf toe gegaan. Sy het die groot klip weggerol en gesien dat die graf leeg was. Sy het dadelik na twee van Jesus se dissipels toe gegaan om vir hulle te vertel dat Jesus nie in Sy graf was nie.

Maria Magdalena was baie hartseer. Sy het nie verstaan dat, al het Jesus gesterf, Hy weer lewendig geword het nie. Toe sy in die graf inkyk, het sy twee engele in die graf gesien. Hulle wou weet hoekom sy huil en sy het vir hulle gesê sy is hartseer omdat Jesus nie in die graf was nie. Toe Maria Magdalena omdraai, het sy vir Jesus daar sien staan. Sy het nie geweet dat dit Hy was nie, want sy het gedink Hy is dood. Toe Jesus haar op haar naam noem, het sy dadelik geweet dat dit Jesus was.

Maria Magdalena het dadelik gehardloop en vir almal vertel dat Jesus leef. Jesus en al sy vriende het toe op die Olyfberg rondgestap. Jesus het vir hulle vertel dat Hy hemel toe gaan, maar dat Hy vir hulle die Heilige Gees gaan stuur om hulle te help om vir al die mense op die aarde van God te vertel.

Toe gebeur daar iets wonderlik! 'n Groot wolk het gekom en vir Jesus weggeneem tot hoog bo in die hemel. Twee engele het vir Jesus se vriende gesê dat dat Jesus teruggaan hemel toe, maar dat Hy weer terug gaan kom.

## Kritiese denke

Dit word aanbeveel dat die ballon-aktiwiteit van die tematafel op hierdie dag gedoen word sodat maats op konkrete wyse van die begrip "hemelvaart" kan leer.

Deel enkele ballonne uit wat maats saam-saam kan los omdat ballonne nie goed vir ons omgewing is nie.

Ons ontdek vir Jesus!




## Pak

Gee vir maats klein malvalekkers of ander lekkergoed en laat hulle die hasie se buitelyne daarmee uitpak.



## Verf en stempel

Sny aartappelstempels en laat maats die onderstaande eier verf en met stempels versier. Gewone stempels of plakkers kan ook gebruik word.



## Skeur, manipuleer en plak


Laat maats watte in repe trek en die wolke daarmee beplak. Laat hulle dan ook Jesus se skouerband met oorstokkies wat in rooi verf gedruk word inkleur.




## Inkleur/verf, strooi en plak

Laat maats Oompie-Oranje se lyfie met houtlym besmeer en oranje skitterstof ("glitter") of verfpoeier oor hom strooi. Skud die los stof af en laat maats sy ogies en mond inkleur/verf.


# Oompie-Oranje





## Manipuleer en druk

Laat maats die buitelyne van die vyf diamante met ORANJE kleislange nagaan. Laat hul by die grootste (makliker) diamant begin en na die kleiner (moeiliker) diamante toe werk. Laat hulle dan tel hoeveel (5) klei-diamante hulle het.



# KINETIKA

**Benodighede**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoepels | Balanseerbalk | Tennisballe | Vorms |
| Boontjiesakkies | Houer(s) | Kegels | Groot bal |
| Stelte | Tou | Kleure | Tennisbal |

## Opwarming

Pak ’n paar hoepels in ’n oop area uit. Laat maats tussen die hoepels rondhardloop. Sodra juffrou sê “sit”, moet maats in die hoepels gaan sit. Verwyder elke keer een hoepel sodat ’n maatjie uitval (*”musical chairs*”) .

## Totale liggaamlike sinchronisering

- Laat maats op hulle ruggies op matrasse buite op die gras lê.
- Plaas ’n hoepel aan die onderkant en aan die bokant van elke matras. Boontjiesakkies moet nou vanaf maats se voete na hulle hande “aangegee” word. Maats moet sakkies dan bo-oor hulle koppe in die hoepels bo hulle koppe gooi.
- Sodra al die sakkies in boonste hoepel is, moet maats die sakkies vanuit die hoepel bokant hulle koppe haal. Maats moet dan telkens in die “sit-up” posisie kom en sakkies nou in die hoepel aan onderkant van hulle matrassies gooi.

## Balans

- Laat maats met stelte op die gras rondloop.
- Laat maats met stelte tussen hoepels deurloop.
- Laat maats oor die balanseerbalk met ’n boontjiesakkie op hul kop loop. Sodra maats aan die einde van die balk kom, moet hulle die sakkie afhaal en deur ’n ooghoogte (die maat se ooghoogte) hoepel in ’n houer/krat gooi.

## Lateraliteit

Plaas ’n tou op die grond. Sit kegels langs die tou neer en plaas ’n tennisbal op elke kegel. Laat kleuters platvoet oor die tou loop en telkens voor ’n kegel gaan staan. Maats moet dan die bal van die kegel af optel en in ’n plastiekhouer gooi wat vir hulle gehou word. Herhaal tot al die balle in houer is.

## Reaksie-tyd

Plaas vier verskillende kleure hoepels in ’n vierkantige formaat langs mekaar. Maats moet nou volgens juffrou se instruksies telkens links, regs, vorentoe en agtertoe in ’n spesifieke kleur hoepel spring.

### Ratsheid

- Pak verskillende kleure (bv. rooi, blou, groen en geel) hoepels in 'n "zig-zag" formaat uit. Maats moet nou in die eerste hoepel staan en dan op juffrou se bevel in die rooi, blou, groen en geel hoepels spring.
- Laat maats wydsbeen sit. Laat val 'n groot bal tussen maatjies se bene terwyl hulle die bal met hulle bene probeer "vang" deurdat hulle hul bene vinnig toeknyp. Herhaal die oefening 'n paar keer.

### Middelynkruising van die hande

- Plaas vyf vorms in 'n reguit lyn. Sit 'n boontjiesakkie aan die regter- en 'n hoepel aan die linkerkant van elke vorm. Maats moet nou op die vorms spring en sakkies met hul regter hand optel. Hulle moet dan die middellyn kruis en sakkies in die hoepels (wat links van hulle is) gooi.
- Plaas vorms weer in 'n reguit lyn. Sit nou die boontjiesakkies aan die regterkant van die vorms en sit hoepels aan die linkerkant van die vorms. Maats moet nou weer op die vorms spring en sakkies met hul linkerhande optel. Hulle moet dan die middellyn kruis en sakkies in die hoepels (wat nou regs van hulle is) gooi.

### Ritme

- Maats moet ritmies volgens juffrou se hande-klap stap.
- Hulle moet vorentoe loop en draf terwyl hulle self hande klap.

### Afwarming

Strekke




STEAM

# Deurskynende eiers - Biologiese struktuur

Daar is baie verskillende eiers. Ons kry paaseiers en dan ook gewone eiers. Die gewone eiers kry ons deur hoenders wat eiers lê. Ons kan baie eksperimente doen met hierdie eiers, soos om hulle deurskynend te maak of met kleursel te meng om mooi gekleurde, doplose eiers te maak.

## Benodighede



- Eiers
- Wit asyn
- Glas of beker
- Voedselkleursel (opsioneel)
- Flitslig (opsioneel)



## Instruksies

1. Plaas 'n eier in glas en bedek dit met asyn.
2. Na een dag (24 uur) kan borreltjies om die eier gesien word. Dit dui op die asyn en die kalsium van die eierdop wat reageer.
3. Nou kan die asyn uitgegooi word en met nuwe asyn vervang word.
4. Wag 5 tot 7 dae en haal die eier uit die asyn uit. Die eier sal deursigtig wees en maats kan gewys word hoe 'n eier sonder sy dop lyk.

## Wat het ons geleer?

Ons het geleer hoe 'n eier binne 'n eierdop lyk. Die eierwit sit om die eiergeel om dit te beskerm want dit is waar hoendertjies se babas groei!

EIERS
is kompleks!

